

### **Sing vooraf staande: Psalm 63:3, 4 (p. 308)**

- 3 Ek wil U prys my lewe lank, / my hande ophef en U dank.  
Want, soos met vettigheid, sal weer / my siel versadig word, o HEER!  
My mond sal jubelend U noem, / my lippe hoog u weldaad roem  
wanneer die aarde<sup>in</sup> nag versink – / dan sal ek peinsend aan U dink.
- 4 U was, o God, 'n hulp vir my. / U het u vleuels uitgesprei  
om met beskerming my te dek / en jubels in my hart te wek.  
O God, só met my lot begaan, / hoe kleef my siel U agteraan!  
Vertrouensvol op U geleun, / voel 'k hoe u hand my ondersteun.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### **Psalm 93:1, 4 (p. 470)**

- 1 Die HEER regeer. Die kleet van heerlikheid / wat Hom omstraal, is enkel majesteit.  
En deur sy krag, wat enkel triomfeer, / hou alles stand, dit wankel nimmermeer.
- 4 Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou, / beloftewoord sal U vir altyd hou.  
U tempel sal, wat ook om ons vergaan, / net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

**Gebed**

### **Psalm 26:1, 5 (p. 121)**

- 1 O HEER, doen aan my reg! / Ek wandel as u knek / en wil opreg met U verkeer.  
Op U alleen vertrou ek; / op U, my Rotssteen, bou ek, / ek sal nie wankel, troue HEER!
- 5 Vol blydschap is my siel / wanneer ek voor U kniel / wat woon waar aardse lig verdwyn.  
Hoe lief het ek u woning, / die plek, o Hemelkoning, / waar U in heerlikheid verskyn.

**Skriflesing:** Matteus 5:17-20; Kolossense 2:6-19;  
Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 25

**Kernvers:** Matteus 5:17; Kolossense 2:16-17

**Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.**  
(Matteus 5:17 AFR53)

**Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.**  
(Kolossense 2:16-17 AFR53)

### **Nederlandse Geloofsbelydenis**

#### **Artikel 25: Die seremoniële wet in Christus vervul**

*Ons glo dat die seremonies en heenwysings van die Wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het. Die gebruik daarvan moet derhalwe onder Christene afgeskaf word. Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling. Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig.*  
*Rom 10:4; Gal 3, 4; Kol 2:17; 2 Pet 1:19; 3:2, 18.*

**Tema:** Ons vier Sondag. Christus het in ons plek die sabbat vervul.

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanaf Artikel 20 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons die groot genade wat God in Jesus Christus aan ons gelowiges bewys. Slegs Jesus Christus is ons Geregtigheid voor God. Ons kan nie met onderhouding van die wet of enige ander goeie werk onself voor God aanvaarbaar maak nie. Geeneen van ons goeie werke kan daartoe bydra dat God ons moet vergewe en vryspreek van ons sondeskuld nie. Selfs nie eers die geloof waardeur ons vrygespreek word, is ons prestasie nie. Geloof is die resultaat van die Heilige Gees se werk in ons met die Woord van God. Omdat God ons deur middel van die geloof in Christus vryspreek, volg dit noodwendig dat ons goeie werke sal doen en wil doen. Ons is immers hierdie goeie werke aan God verskuldig omdat ons dankbaar is vir die verlossing wat Hy gratis aan ons gee. En God beloon hierdie goeie werke van ons uit genade; ons verdien niks met ons goeie werke nie.

In Artikel 26 gaan ons nog verder deur te bely wat Christus ons Verlosser vandag steeds vir ons doen. Hy is ons Middelaar en Voorspraak by God ons Vader. Tussen hierdie belydenisse oor die heerlike werk wat Christus vir ons en in ons doen, staan Artikel 25 wat handel oor die wette en seremonies. Die noodsaak van hierdie artikel is daarin geleë dat die kerk ook duidelik moet sê dat Christus se verlossingswerk aan die kruis so volledig is dat die offers en seremonies van die Ou-Testamentiese wet deur Hom vervul is.

Om die plek van hierdie artikel te verstaan, is dit nodig om te weet wat seremoniële wette is. Onder seremoniële wette verstaan ons die voorskrifte wat betrekking het op die wyse waarop Israel van ouds die Here moes dien. Hierdie seremoniële voorskrifte het gehandel oor vier sake, naamlik heilige plekke – die tabernakel en later die tempel; heilige persone – die Leviëte en die priesters; heilige handeling – die offers, reinigingsgebruike, besnydenis en vas; en heilige tye – die sabbat, die sabbatsjaar, die jubeljaar en 'n verskeidenheid feeste.

Van al hierdie seremoniële voorskrifte lees ons die meeste kere in die Nuwe Testament van die besnydenis en die sabbat. Sommige Joodse Christene het daaraan vasgehou dat Christene uit die heidendom ook besny moet word. Die brief wat die Heilige Gees deur Paulus aan die Galasiërs geskryf het, het hoofsaaklik oor die besnydenis gehandel. Joodse Christene het die dwaling onder die Christene in Galasië verkondig dat die besnydenis noodsaaklik is omdat die besnydenis saam met Christus se offer aan die kruis die grootste mate van sekerheid sou gee dat jy werklik verlos is. Die Heilige Gees maak dit egter duidelik dat Christus se offer aan die kruis genoegsaam is om 'n mens te verlos. Niks wat ons mense doen, of gedoen het of sal doen, kan enigiets tot hierdie verlossing bydra of dit beter maak nie.

Die Fariseërs en skrifgeleerdes het veral met Jesus gebots oor die sabbat. Reeds vroeg in Jesus se openbare optrede as die Verlosser is Hy en later sy dissipels ook deur die Jode kwalik geneem omdat hulle oënskynlik nie die sabbat onderhou het soos dit in die Ou Testament voorgeskryf word nie.

Vandag is daar steeds Christene, ook onder die gereformeerdes, wat sê dat ons die Sondag soos die sabbat moet onderhou, aangesien dit in die Tien Gebooie vir ewig vasgelê is as 'n bevel wat reeds by die skepping ingestel is. Dit wil sê, Christene wil die wettiese moets en moenies oor die sabbat net so na die Sondag toe oordra. Daarom noem hulle die Sondag ook die sabbat wat maar net op 'n ander dag van die week is. Die Jode het hulle sabbat op die sewende dag van die week, naamlik die Saterdag, en die Christene het hulle sabbat op die eerste dag van die week, naamlik op Sondag. Miskien het jy ook al met iemand te doen gekry wat die Sondag net so wetties wil reguleer soos wat die Jode met die sabbat gedoen het.

Daar is ook natuurlik 'n ander groep Christene wat die Sondag verwerp en hulle hou aan die sabbat op die sewende dag vas. Hulle neem die vierde gebod letterlik op en beskou dit as 'n blywende en ewigdurende plig van die Christene om op die sewende dag saam te kom in eredienste en 'n verbod

te plaas op alle arbeid op hierdie dag. Met so 'n siening lyk dit egter of Christus se koms en sy verlossingswerk niks dieper en voller gebring het vir die verstaan en uitleef van die vierde gebod nie.

Op grond van wat die Here in ons twee gelese gedeeltes aan ons openbaar en op grond van wat ons hier in Artikel 25 bely, sê ons dat ons die Sondag vier, want Christus het in ons plek die sabbat vervul.

In die Bergrede stel Jesus dit duidelik wat sy werk ten opsigte van die wet van die Here is:

**Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul** (Matteus 5:17 AFR53).

Die wyse waarop Jesus dit sê, laat 'n mens dink dat daar miskien reeds mense was wat in hierdie vroeë stadium van Jesus se openbare optrede gedink het Jesus gaan die wet omvergooi. Waarskynlik het twee van die twisgesprekke oor die sabbat reeds plaasgevind. In die evangelie volgens Markus word vertel dat Jesus en sy dissipels op die sabbat koringare gepluk het en dat Jesus die man met die gebreke hand op die sabbat genees het voordat Hy sy twaalf dissipels aangestel het.

Uit daardie twisgesprekke en uit baie ander gesprekke tussen Jesus en die Jode kom 'n mens agter dat die Jode Jesus se gesag bevestig het. Hulle het maklik gevra: Watter nuwe leer is Hy dan besig om vir die mense te leer? Natuurlik sou baie Jode gevra het wat die verhouding tussen Jesus se gesag en die gesag van die wet is. Die Jode het immers van kleins af geleer dat die wet gesag oor hulle lewens het, want dit is hoe die Fariseërs en die skrifgeleerdes dit in hulle onderrig beklemtoon het. Die Fariseërs en die skrifgeleerdes, so is die Jode van kleins af geleer, is immers leermeesters van die wet wat die wet aan die volk verklaar het.

Maar wat Jesus se standpunt oor die wet was, was nog nie vir die mense duidelik nie. Hulle het Hom al gehoor preek, maar dit is duidelik dat Hy nie soos enige van die ou profete of soos die skrifgeleerdes preek nie. Hy het dikwels sy onderrig begin met die woorde: *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle*. Terwyl die Fariseërs en die skrifgeleerdes eerder met iets soos, *so sê die Here*, hulle preke begin het. Dit is dus duidelik dat Jesus met sy eie gesag en in sy eie Naam gepreek het. Daarom is dit te verstane dat sommige mense gemeen het dat Jesus die wet ongeldig wil maak met sy eie gesag. Om hierdie onsekerheid by die mense weg te neem, sê Jesus:

**Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul** (Matteus 5:17 AFR53).

Broers, susters en kinders, Christus het nie gekom om die wet ongeldig te maak nie, maar om die wet sy volle betekenis te laat kry. Christus het ook nie die sabbat ongeldig gemaak nie, maar dit inderdaad vervul. As Jesus dan sê dat Hy die wet kom vervul het, beteken dit nie dat Hy dit met 'n nuwe wet vervang het nie, of dat Hy die wet verklein deur sommige voorskrifte af te skaf nie, of dat Hy die wet kom aanvul het nie. Wanneer Jesus die wet vervul, gee Hy deur woord en daad die regte betekenis van die wet sodat ons sondaars dit kan begryp. So het Christus ook die ware betekenis van die sabbat na vore laat kom deur die sabbat volgens sy Vader se oorspronklike bedoeling te verklaar met woord en daad.

Ons ken almal die gebod oor die sabbat baie goed. Ons hoor elke Sondagoggend hierdie woorde:

**Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag ingestel en geheilig** (Eksodus 20:8-11 AFR83).

Uit hierdie weergawes van die vierde gebod oor die sabbat sowel as die weergawe uit Deuteronomium 5 kan die betekenis van die sabbat omskryf word as 'n dag van rus, 'n dag van toewyding en 'n dag van herdenking.

Die onvoorwaardelik verbod op alle arbeid staan op die voorgrond in die vierde gebod oor die sabbat. Trouens, die naam *sabbat* hou verband met die werkwoord wat beteken dat 'n mens met werk ophou. Die *sabbat* van die vierde gebod het dus die betekenis van die dag waarop die werk van die week ophou. Dit is 'n dag van rus.

Die een rede hoekom die mens van sy daaglikse werk moet rus, is omdat God nie meer op die sewende dag geskep het nie, maar Hom in sy skeppingswerk verlustig het. Die ander rede is omdat Israel uit Egipte uit die slawerny verlos is. Hulle moet nooit weer soos slawe wees wat sewe dae in die week werk nie. Deur hierdie herinnering moet die Israeliete leer dat die ware rus 'n rus is wat God deur die verlossing moontlik gemaak het. As 'n dag van rus is die sabbat ook 'n dag van toerusting vir die daaglikse werk in die week. Hierdie toerusting het onderrig in die huis, by die tempel en by ander byeenkomste ingesluit.

Die sabbat as 'n dag van rus het beslis nie beteken dat Israel die tyd leeg moet deurbring nie. Die rus word eerder in 'n positiewe sin verstaan as 'n dag wat aan die Here gewy word. Dit is 'n dag vir gewyde byeenkomste, vir die bring van offers en vir godsdienstige aktiwiteite. Op hierdie dag bly die Israeliet net besig met toewyding aan en aanbidding van die Here. Omdat die sabbat met verskeie feeste in verband gebring is, sien 'n mens immers dat die sabbat se rus beslis met toewyding en aanbidding te doen het en nie 'n dag van leeglê is nie.

Die onderhouding van die sabbat was ook 'n teken van die verbondsverhouding tussen die Here en sy volk. Dit beteken dat die sabbat Israel daaraan moes herinner dat hulle aan die Here behoort en volgens sy verbondseise moes lewe. Dit gaan ook oor verbondsvertroue. Die mens wat deur die Here verlos is hoef nie sewe dae aanmekaar te werk om te oorleef nie. 'n Verlose het die vertroue dat die Here hom genoegsaam sal versorg al werk hy net ses dae van die week. In aansluiting by die verbondsverhouding is die sabbat ook 'n dag van herdenking. Israel moes elke sabbat met dankbaarheid aan die verlossing dink wat God met sy kragtige dae bewerk het.

Geliefdes, soos al die ander seremoniële voorskrifte het die sabbat ook heengewys na Christus toe. Daarom skryf Paulus aan die Kolossense wat geteister is deur mense wat weer om watter rede ook al die seremoniële wette wil laat geld. Hy skryf:

**Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus (Kolossense 2:16-17 AFR53).**

Al hierdie seremoniële wette is maar net die skaduwee van wat sou kom. As daar dan 'n skaduwee is, moet daar mos iets of iemand wees wat hierdie skaduwee werp. Jesus Christus self is die liggaam wat die skaduwee werp, sê die Heilige Gees. In die Ou Testament was die seremoniële wette dus die skaduwee van Christus wat nog aan't kom was.

Christus het nou gekom, daarom is dit nie meer nodig om jou oor die skaduwee te fassineer nie. Ons fokus behoort nou op Christus te wees. En deur die verligting van die Heilige Gees sal 'n mens kan sien hoe elkeen van daardie skaduwees betrekking het op Christus en sy volmaakte werk. Wie egter die sabbat wil onderhou soos voor Christus se koms, sê eintlik daarmee dat hy tevrede is met die skaduwee. So 'n mens soek sy vreugde net in die skadubeeld van Christus in plaas van om die volmaakte vreugde in Christus self te vind.

In die evangelie is daar vir ons ses twisgesprekke opgeteken wat die Jode met Jesus gehad het oor

die sabbat. Ons gaan kortliks na drie van die twisgesprekke kyk om agter te kom wat Jesus ons daarin leer oor die sabbat se betekenis.

Die Fariseërs het Jesus en sy dissipels beskuldig as oortreders van die wet omdat die dissipels op die sabbat koringare gepluk en geëet het. Die Fariseërs het dit beskou as oes wat nie op die sabbatdag gedoen mag word nie. Maar met hierdie houding het die Fariseërs duidelik gemaak waarom dit vir hulle werklik gaan. Dit gaan vir hulle oor die godsdienstige handeling en die seremonie en nie oor Hom na wie die seremonie heenwys nie. Hulle was ywerig om die Skrif te bestudeer, maar het nooit geluister wat die Skrif beteken nie. Jesus wys hulle egter daarop dat dit vir God nie gaan oor die rituele nie, maar oor die hart van die mens wat die ritueel uitvoer. God verwag barmhartigheid en nie offers nie.

**Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie** (Markus 2:27 AFR83).

Dit beteken onder meer dat die eis van liefde teenoor die naaste voorrang geniet bo die wettiese reëls wat die Fariseërs vir die sabbatdag neergelê het. Die sabbat is bedoel om vir die mens tot hulp en vreugde te wees en nie tot 'n swaar las nie.

In Markus 3 lees ons dat Jesus 'n man met 'n gebrekkige hand genees. Wanneer Jesus hierdie man op die sabbatdag genees, wys Hy ons daarop dat die sabbatdag heenwys na die verlossingswerk van Christus. Deur die man te genees, verlos Hy die man van die gevolge van die sonde. Dit is immers wat Hy ons ook belowe wat op die nuwe aarde gaan gebeur met al die gelowiges. Hulle sal nooit weer siekte, pyn of dood beleef nie, want die gevolge van die sonde is deur Christus se verlossingswerk heeltemal weggeneem.

Ons lees ook in Lukas 13 van die vrou wat vir agtien jaar lank onder 'n bose gees gely het. Jesus het haar op die sabbatdag van die duiwel se heerskappy bevry. Die sabbatdag is dus werklik bedoel as 'n dag van vreugde deur die bevryding wat Jesus bring. Hierdie bevryding is immers net deur Christus se soenverdienste aan die kruis moontlik, want daar oorwin Hy die Satan sodat elke gelowige nie meer onder die heerskappy van die Satan is nie.

Met hierdie optrede het Jesus nie die wet aangaande die sabbatdag verbreek nie, maar die ware betekenis daarvan aan ons geleer deur sy Vader se eintlike bedoeling met die sabbat vir ons te vervul. Deurdat Jesus die gebod oor die sabbat vervul, leer Hy ons dat Hy die ware rus is en wie in Hom glo, kry deel aan die ware rus en is besig om die sabbat te onderhou. Die rus wat in die sabbat nog net 'n skaduwee was, het in Christus werk-likheid geword. Die ware sabbat is dus nie 'n dag nie, maar 'n Persoon – Jesus Christus.

Wanneer Christus dus die sabbat in ons plek kom vervul het, geliefdes, het Hy dit nie maar net in ons plek volmaak gehoorsaam nie. Hy het die betekenis van die sabbat vir ons geleer deur die dag vol te maak met Homself, want Hy is ons sabbat, ons ware rus.

Daarom bely ons dat die gebruik van die Ou-Testamentiese sabbat afgeskaf is vir die Christene. Die waarheid en die inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan. Die rus van die sabbat mag nou nie meer anders gesien word as in die nouste verband met Jesus se Persoon en werk nie. Hy is ons ware sabbat.

Hoekom vier ons dan Sondag? Van die opstandingsdag van Christus af het die Christene op die eerste dag van die week, die Sondag, bymekaargekom. Ons lees daarvan in die evangelies. Die aand van die Sondag waarop Christus uit die dood uit opgestaan het, was die gelowiges in Jerusalem bymekaar en Jesus het toe aan hulle verskyn. Hulle was bymekaar om mekaar te bemoedig en te vertroos. En toe die opgestane Christus ook nog aan hulle verskyn, is hulle Sondag waarlik met vreugde en blydskap gevul. Ook die volgende Sondag toe Jesus weer aan hulle almal en

aan Thomas verskyn het, hoor ons die vreugde as Thomas tot Jesus uitroep:

**My Here en my God!** (Johannes 20:28 AFR83).

Daarom het die kerk van die vroegste tye af Sondag as 'n dag van aanbidding en toewyding aan God gevier, want dit is gebore uit die vreugde oor die rus wat Christus die Rusbringer bewerk het.

Ons vier dus Sondag, 'n feesdag, die opstandingsdag van Christus, want Hy het in ons plek die sabbat vervul.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 84:3, 4 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,  
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,  
dan is die HEER self hul fontein / waar dorland smag van somerdroogte.  
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:  
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaare, let  
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.  
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
17 Maart 2013